# ONS KAN NIE SONDER SY SEËN LEWE NIE

Ps 28:6 **Geseënd** is Yahweh, want Hy het die stem van my smekinge gehoor.

Ps 28:7 Yahweh is my sterkte en my skild; op Hom het my hart vertrou, en ek is gehelp; daarom jubel my hart en sal ek Hom loof met my gesang.

Seën (baruch) beteken letterlik om te buig. As ons Yahweh seën, buig ons voor Hom neer om te erken dat Hy groot is; As Hy ons seën, buig ons voor Hom neer om te erken dat ons nie sonder Hom kan lewe nie.

Ps 28:8 Yahweh is 'n sterkte vir hulle, en Hy is 'n vesting van verlossing vir sy gesalfde.

Ps 28:9 Verlos u volk en **seën** u erfdeel, en wees vir hulle 'n herder en dra hulle tot in ewigheid.

**1** Oz - strength (force, security, majesty), boldness, might, power.

**2** Maóz - a fortified place; figuratively a defence: - force, fortress, rock,

**3** Yeshuah - deliverance; salvation, welfare, good health

**4** Mashiach - Messiah; anointed; consecrated; abundance;

**5** Nachalah - Portion Heritage Possession

**6** Ra'ah - to tend a flock; To be a shepherd; To be a friend; To be a companion

**7** Nasa – to bear; to carry; to hold up; to forgive; to make easy

Enigste plek in die Skrif - voor die koms van die Messias, waar ***Yeshuah*** en ***Mashiach*** in dieselfde vers voorkom!

Elke enkele seënwens in hierdie Psalm kry nuwe betekenis deur dit wat Y'shua die Messias vir ons kom doen het!!

***Wat weet ons*** van die Een wat ons seën? Veral twee dinge:

1) Ons weet dat hy die geluid van ons smeking hoor.

Ps 31:22 Selfs as ek in angs ver van u af voel, hoor U my smekinge.

Ps 116:1 Ek het lief, want Yahweh hoor my stem, my smekinge.

Dan 9:18 Neig u oor, my Elohiem, en hoor ons smekinge – nie op grond van ons geregtigheid nie, maar op grond van u grote barmhartigheid.

2) Ons weet dat ons met ons hart op Hom kan vertrou.

Ps 13:6 Maar ek - op u goedertierenheid vertrou ek; my hart sal juig oor u verlossing.

Ps 27:3 Al staan 'n weermag teen my op, my hart sal nie vrees nie ... nogtans vertrou ek.

Ps 33:21 Want ons hart is bly in Hom, omdat ons op sy afgesonderde Naam vertrou.

Watter ***verskil*** maak dit? Dit maak 'n verskil op baie vlakke, maar die grootste verskil is dit:

Nou kan my hart jubel en het ek rede om Hom te loof met lied en gesang en musiek!!